



STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

Prys 10c Price
Oorsee 15c Overseas
POSVRY—POST FREE

Vol. 81.]

KAAPSTAD, 8 MAART 1972.

[No. 3406.

CAPE TOWN, 8TH MARCH, 1972.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 355. 8 Maart 1972.

No. 355. 8th March, 1972.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 5 van 1972: Wet op die Reëling van Admiraliteitsregsbevoegdheid, 1972.

No. 5 of 1972: Admiralty Jurisdiction Regulation Act, 1972.

Wet No. 5, 1972

WET OP DIE REËLING VAN ADMIRALITEITSREGS-
BEVOEGDHEID, 1972.**WET**

Om die bevoegdhede en jurisdiksie van die admiraliteitshowe van die Republiek in die provinsiale en plaaslike afdelings van die Hooggeregshof van Suid-Afrika te vestig; om die „Colonial Courts of Admiralty Act, 1890”, van die Verenigde Koninkryk, te herroep in soverre dit met betrekking tot die Republiek van krag is; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(Engelse teks deur die Staatspresident Geteken.)
(Goedgekeur op 2 Maart 1972.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Bevoegdhede en jurisdiksie van admiraliteitshowe berus by provinsiale en plaaslike afdelings van die Hooggeregshof.

1. Die bevoegdhede en jurisdiksie van die admiraliteitshowe van die Republiek bedoel in die „Colonial Courts of Admiralty Act, 1890” (53 en 54 Victoria, C.27), van die Verenigde Koninkryk, berus vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet, en ondanks die herroeping van daardie Wet deur hierdie Wet, by die provinsiale en plaaslike afdelings van die Hooggeregshof van Suid-Afrika.

Hofreëls.

2. Die hofreëls van die admiraliteitshowe van die Republiek, van krag by die inwerkingtreding van hierdie Wet, word geag reëls te wees wat kragtens artikel 43 (2) (a) van die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet No. 59 van 1959), uitgevaardig is.

Hangende aangeleenthede.

3. 'n Aangeleentheid wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet in 'n admiraliteitshof hangend is, word in die betrokke provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika voortgesit.

Herroeping van „Colonial Courts of Admiralty Act, 1890”, van die Verenigde Koninkryk.

4. Die „Colonial Courts of Admiralty Act, 1890”, (53 en 54 Victoria, C.27), van die Verenigde Koninkryk, word hierby herroep in soverre dit met betrekking tot die Republiek van krag is.

Toepassing van Wet in Suidwes-Afrika.

5. Hierdie Wet en 'n wysiging daarvan is ook in die gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel, van toepassing.

Kort titel en inwerkingtreding.

6. Hierdie Wet heet die Wet op die Reëling van Admiraliteitsregsbevoegdheid, 1972, en tree in werking op 'n datum deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

ADMIRALTY JURISDICTION REGULATION ACT, 1972.

Act No. 5, 1972

ACT

To vest the powers and jurisdiction of the admiralty courts of the Republic in the provincial and local divisions of the Supreme Court of South Africa; to repeal the Colonial Courts of Admiralty Act, 1890, of the United Kingdom, in so far as it applies in relation to the Republic; and to provide for incidental matters.

*(English text signed by the State President.)
(Assented to 2nd March, 1972.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

1. The powers and jurisdiction of the courts of admiralty of the Republic, referred to in the Colonial Courts of Admiralty Act, 1890 (53 and 54 Victoria, C.27), of the United Kingdom shall, as from the commencement of this Act, and notwithstanding the repeal of that Act by this Act, vest in the provincial and local divisions of the Supreme Court of South Africa. Powers and jurisdiction of courts of admiralty to vest in provincial and local divisions of the Supreme Court.
2. The rules of the courts of admiralty of the Republic, in force at the commencement of this Act, shall be deemed to be rules made in terms of section 43 (2) (a) of the Supreme Court Act, 1959 (Act No. 59 of 1959). Rules of court.
3. Any matter pending in any court of admiralty of the Republic at the commencement of this Act, shall be proceeded with in the relevant provincial or local division of the Supreme Court of South Africa. Pending matters.
4. The Colonial Courts of Admiralty Act, 1890 (53 and 54 Victoria, C.27), of the United Kingdom, is hereby repealed in so far as it applies in relation to the Republic. Repeal of Colonial Courts of Admiralty Act, 1890, of the United Kingdom.
5. This Act and any amendment thereof shall apply also in the territory of South-West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel. Application of Act in South-West Africa.
6. This Act shall be called the Admiralty Jurisdiction Regulation Act, 1972, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*. Short title and commencement.